
HESSEQUA
HARMONIE
HEIDELBERG
Die klein fees met die groot hart
17 - 21 SEPTEMBER 2024
NAVRAE: 084 446 3200
web tickets

# FEESBOODSKAP

## VANUIT DIE DASJESDRIFT TEATERHUIS



Welkom by ons sewende fees! Dit is steeds 'n wonderlike gegewe dat die Hessequa Harmonie vanuit slegs vier konserte gebore is en tot vandag se bykans 25 aanbiedings gegroei het. Ons fokus op klassieke musiek as vertrekpunt met aansluitende Afrikaanse woordkuns, boekbesprekings en toneel. Hierdie fees is jou kultuurinspuiting vir Erfenismaand. Dis 'n ervaring soos min – netjies verpak, sakpas en die geleentheid om soveel moontlik aanbiedings sonder enige oorvleueling te kan bywoon.

Maak jou reg vir unieke produksies uit die boonste rakke. Vanjaar se program bevat 'n simfonieorkes, strykers, koormusiek, 'n nuwe toneelstuk deur Riana Scheepers oor Frederick Chopin en George Sand se liefdesverhouding, kabaret en ligter musiek. Hierbenewens is daar 'n reeks skrywersgesprekke en die mooiste plaaslike kuns, soos aangebied deur die Hessequa Kunsroete onder kuratorskap van Louise Kluyts. Coenie de Villiers kom maak weer 'n draai met sy pragproduksie "Op 'n eiland", die komiese karakter Magda Louw kom vertel haar storie, en die gevierde kwartet TAKE4 bied 'n verskeidenheid konserte aan. Die fees spog die jaar weer met 'n langtafelete en selfs die geleentheid om te dans op die maat van die Cape Town Tango Ensemble. Die Hessequa Harmonie word natuurlik geken vir die magtige galakonsert en die afsluitingspiekniek op Dasjesdrift. Dit is glad nie iets om mis te loop nie.

Dankie aan al ons borge en feesvriende wat help om hierdie jaarlikse geleentheid moontlik te maak. Danksy julle bring ons die kunste na die platteland. Ten slotte, wat is 'n bestuurder van 'n kunstefees sonder 'n uitmuntende span? Ek bedank daarom al my kamerade van harte.

Kom vier die kunste en luister na die mooiste musiek in die hart van die Hessequastreek, Heidelberg. Nogmaals welkom by die klein fees met die groot hart.

**UITVOERENDE HOOF: NIËL RADEMAN**

**www.hessequaharmonie.com**


**LOGISITIEK EN KAARTJIES.**
Lindi-Heila Smit 084 446 3200
lindi.heila@gmail.com

**ASSISTENT EN VERBLYF**
Shimri Muir 082 517 0858
shimrimuir@gmail.com

**MEDIASKAKELING**
Naomi (Uys) Willemse
uys.naomi008@gmail.com

**KOOR- EN UITREIKPROJEKTE**
Betsie Ryke 083 229 0598
betsie@ruralarts.co.za

**HSQA KUNSROETE**
Louise Kluyts 082 378 4126


webtickets

# ETE, DRINKE & FEESLOKALE

### Spys en Drank
Proeviand / Délish / Heidelberg Hotel / Die Rooi Pot / Inspired / Pizza World / Copper Blue / WIMPY / Blue Crane / Die Skeerhok / Spensjolyt / NG Kerk Kermistent

### Kuns, koffie & koek
Firefly Studio, Van Riebeekstraat 68
Star Nation, Van Riebeekstraat 11
Proeviand, langs Délish

### Feeslokale
Doornboom Opstal, NG Kerk, NG Kerksaal, Stadsaal, Die Skeerhok, Dasjesdrift

### Koffie/Tee
Heidelberg Hotel, Firefly Studio, Inspired, Starnation Studio, Délish, Proeviand, Wimpy, Spensjolyt

### Kunsuitstallings
Doornboom Opstal, Heidelberg Hotel, Banketsaal, Stadsaal, Firefly Studio, Starnation Studio, Biblioteek, Proeviand




webtickets active

HESSEQUA HARMONIE HEIDELBERG

*Die klein fees met die groot hart*




## DINSDAG • 17 SEPTEMBER

### Boere Brekfis LANDBOU (120min) R250




**Aangebied deur *Die Landbou Burger* se redakteur, Samantha van den Berg.** Sy gesels met dr. Ivan Meyer, Wes-Kaapse minister van landbou, oor die stand en toekoms van landbou in die Wes-Kaap.

'n Plaasontbyt en koppie boeretroos is ingesluit.

**9:00 | Die Skeerhok Padstal**

### Harmonie Langtafel LEEFSTYL (180min) R350



**Met die Cape Town Tango Ensemble: Stanislav Angelov (akkordeon), Dan Shout (saksofoon), Sibusiso Matsimela (kontrabas) en Albert Combrink (klavier).**

'n Swierige dansparty met tango-, wals- en polkamusiek asook heerlike kos word hierdie jaar vir die eerste keer by die fees aangebied. Die Cape Town Tango Ensemble tree op en die lekkerste kos word saam met 'n komplimentêre glas Van Loveren-wyn aangebied. Gaspersone: Niël Rademan en Lynelle Kenned.

**19:00 | Heidelberg Stadsaal**

HESSEQUA HARMONIE HEIDELBERG

*Die klein fees met die groot hart*

## WOENSDAG • 18 SEPTEMBER


### Boeke Brekfis BOEKE (120min) R220




**Met Riëtte Rust / Aanbieder: Haidee Muller-Isaacs**
Kom skuur skouers met hierdie gevierde skrywer en koop sommer haar nuutste boek getiteld *Die geskenk – Liefde, selfdood en dieper leef.* 'n Ligte ontbyt is ingesluit.

**09:00 | Doornboom Opstal (Fouriehuis)**


### Music of the Night KLASSIEK (60min) R200



**Met Lynelle Kenned (sopraan), Corneil Muller (bariton), Zanta Hofmeyr (viool), Jeanne-Louise Moolman (altviool), Suzanne Mouton (tjello) en Elna van der Merwe (klavier)**
Immergroen treffers uit Les Misérables, Chess, Phantom of the Opera, The Sound of Music en West Side Story kry nuwe energie met begeesterde vertolkings.

**18:00 | Heidelberg Stadsaal**

### Koffer in Berlyn TONEEL & KABARET (60min) R200



**Jacobi de Villiers (alt) en Elna van der Merwe (klavier)** voer die mooiste Duitse kabaret en klassieke musiek uit met 'n storielyn wat getuig van 'n vervloeë tyd.

**20:00 | Proeviand**



## DONDERDAG • 19 SEPTEMBER

### **Boeke Brekfis** BOEKE (120min) R220



**Met Danie Marais (digter) / Aanbieder: Haidee Muller-Isaacs**
Haidee Muller-Isaacs gesels met die gevierde digter en musiekkenner oor sy nuwe digbundel *Ek en jy bestaan nie*. 'n Ligte ontbyt word ingesluit.

**09:00 | Doornboom Opstal (Fouriehuis)**

### **Vino & Viola** LEEFSTYL (120min) R250



**Met Jeanne-Louise Moolman (altviool) en Elna van der Merwe (klavier)**

'n Musiek en wynparing met die land se beste Pinotage saam met altvioolmusiek vanuit verskeie wêrelddele waar wyn soos NET in Suid-Afrika geniet en gevier word.

**11:30 | Proeviand**

### **Rachmaninoff Rendezvous** KLASSIEK (60min) R220



**Met Zanta Hofmeyr (viool), Jeanne-Louise Moolman (altviool), Suzanne Mouton (tjello) en Elna van der Merwe (klavier)**

TAKE4 is vier gevierde vroue wat vurig saam musiek maak en Rachmaninoff afstof en uitvoer soos lanklaas van te vore.

**18:00 | Heidelberg Stadsaal**

### **Magda Louw** TONEEL (60min) R220



**Met Desiré Gardner. Teks: Desiré Gardner. Regie: Hannes van Wyk. Produksiebestuurder: Nelius Ferreira**

Die geliefde karakter Magda Louw kom maak 'n draai by die Hessequa Harmonie in 'n komedie wat jou sal laat lag met 'n traan.

**20:00 | NG Kerksaal**

## VRYDAG • 20 SEPTEMBER

### **Boeke Brekfis** BOEKE (120min) R220



**Belinda Kruiper (Kalahari-skrywer) / Aanbieder: Lyntjie Jaars**

Kom skuur skouers met hierdie enigmatiese en kleurvolle skrywer en verteller – 'n kunstenaar soos min! Die geliefde Lyntjie Jaars gesels met haar oor haar boek *Kalahari Waarheid*. 'n Unieke ervaring word beloof. 'n Ligte ontbyt word ingesluit.

**09:00 | Doornboom Opstal (Fouriehuis)**

### **Kamermusiek & Koek** LEEFSTYL (120min) R300



**(Mozart & Fauré) Met Zanta Hofmeyr (viool), Jeanne-Louise Moolman (altviool), Suzanne Mouton (tjello) en Elna van der Merwe (klavier)** TAKE4 vermaak jou met die mooiste kamermusiek van Wolfgang Amadeus Mozart en Gabriel Fauré. 'n Lekker stuk koek en koffie/tee word ook bedien.

**11:30 | Proeviand**

### **Op 'n Eiland** LIGTER MUSIEK (80min) R220



**Met Coenie de Villiers en gaskunstenaar Mauritz Lotz**

Musieklegende Coenie de Villiers keer terug na die verhoog met 'n nuwe vertoning "Op 'n Eiland". Hy vertel: "Daar is liedjies in die vertoning wa ek vir die eerste keer uitvoer, maar die lekkerste deel van die nuwe program is dat ek en die gehoor saam op reis gaan." Kitaar-maestro Mauritz Lotz sluit by hom op die verhoog aan.
De Villiers se vertoning vertel die stories-agter-die-stories van sy jare op Ciprus en sluit ook van die liedere in wat hy op dié eiland en in Griekeland geskep en opgeneem het.

**17:30 | Heidelberg Stadsaal**

### **ATKV GALAKONSERT** KLASSIEK (90min) R160




**Met Reghardt Kűhn (dirigent), die Winelands Philharmonic Orkes, Janel Speelman (sopraan), Jacobi de Villiers (mezzosopraan), Niël Rademan (bariton), Corneil Muller (bariton), asook 'n reuse gemeenskapskoor onder leiding van Betsie Ryke.** Hierdie massakonsert is reeds 'n instelling by die Hessequa Harmonie. Moenie dit misloop nie.

**19:00 | NG Kerk**

## SATERDAG • 21 SEPTEMBER

## Boeke Brekfis BOEKE (120min) R220



**Met Riana Scheepers (skrywer) / Aanbieder: Haidee Muller-Isaacs**

Hierdie ikoniese skrywer gesels met Haidee Muller-Isaacs oor kinderboeke, romans, digkuns en ook haar liefde vir teater. Sy is die skywer van vanjaar se musiekdrama Hoe mooi val die lig.
'n Ligte ontbyt word ingesluit.

**11:00 | Dasjesdrift Teaterhuis**

## Hoe mooi val die lig KLASSIEK & TONEEL (60min) R200



**Met Jose Dias (pianis) en Liza-Marié Loubser. Teks: Riana Scheepers. Regie: Niël Rademan. Ontwerp: Lindi Smit**

Hierdie is die hartstogtelike verhaal van die briewewisseling tussen die Franse skryfster George Sand en die klassieke komponis Frederick Chopin; uit die pen van die meesterverteller Riana Scheepers.

**14:30 | Dasjesdrift Waenhuis**

## Afsluitingskonsert (120min) R180



**Met Janel Speelman (sopraan), Jacobi Benkenstein (mezzosopraan), Corneil Muller (bariton), Niël Rademan (bariton), Zanta Hofmeyr (viool), Jeanne-Louise Moolman (altviool), Suzanne Mouton (tjello) en Elna van der Merwe (klavier) Lucas Heinen (akkordeon)**

KONTANTVERKOPE

**16:00 | Dasjesdrift Waenhuis**

HESSEQUA HARMONIE HEIDELBERG

*Die klein fees met die groot hart*

Reghardt Kühn is die dirigent van die Wynland Filharmoniese Orkes wat by die galakonsert optree.




Suzanne Mouton is die uitmuntende tjellis in die groep Take4.





Belinda Kruiper is 'n legendariese Kalahari-skrywer en storieverteller. Sy gesels met Lyntjie Jaars by Vrydagoggend se Boeke brekfis.

Liza-Mari Loubser vertolk die rol van George Sand in die toneelstuk "Hoe mooi val die lig". Sy is 'n Franse onderwyser en teatervraat.



Lynelle Kenned is die gasvrou by hierdie jaar se Harmonie Langtafel.



Haidee Muller-Isaacs is die aanbieder van hierdie jaar se gewilde Boeke brekfis.



Die musieklegende Dan Shout speel saksofoon en klarinet in die Cape Town Tango Ensemble.






Sibusiso Matsimela is die kontrabasspeler in die Cape Town Tango Ensemble wat optree by dié jaar se Harmonie Langtafel.



Betsie Ryke is die koördineerder van die Voor-innie-koor projek.



Lucas Heinen is 'n instelling by die Piekniek Klassiek. Hy is 'n klavier en trekklavierspeler wat die wind uit jou seile haal.

## DAAGLIKSE KUNSPROGRAM (DINSDAG-VRYDAG)

**HSQA Kunsroete-uitstalling: Harmonie - Ons hande praat stories**
Doornboom Opstal (Fouriehuis) | 12:00-17:00 | GRATIS

**HSQA Kunsroete-uitstalling: Forté - Fragmente van die waarheid**
Banketsaal | 10:00-18:00 | GRATIS

**HSQA Kunsroete Kinderkunsuitstalling: Simfonie - Vier seisoene in Eden se tuin**
Heidelberg Dorpsbiblioteek | 10:00-17:00 | GRATIS

**Solo Kunsuitstalling: Zelda Truter**
Heidelberg Hotel | 10:00-18:00 | GRATIS

**Ensemble Kunsuitstalling: Louise Kluyts, Francois Gunter, Pieter van der Bank en Andries Kluyts**
Star Nation Gallery | Van Riebeekstraat 11 | GRATIS

**Trio Uitstalling: Dina Grobler en vriende**
Firefly Studio | Van Riebeekstraat 68 | 10:00-17:00 | GRATIS
Koffie & koek kontant te koop

**Kunsklasse: Dina Grobler (Verf 'n keramiekbord, bak of beker)**
Firefly Studio | Van Riebeekstraat 68 | 072 373 4022 | Koffie & koek kontant te koop

**Kunsklasse: Louise Kluyts (Pen & ink werkswinkel)**
Star Nation Gallery | Van Riebeekstraat 11 | 19 September 09:00-12:00 | 21 September 09:00-12:00

**Andries Kluyts: Maak jou eie braaipan**
Star Nation Gallery | Van Riebeekstraat 11 |18-20 September 14:00-17:00 | 082 895 8003

**PVB Messe: Mesmaakwerkswinkel**
Star Nation Gallery | Van Riebeekstraat 11 |18-20 September 14:00-17:00 | 084 659 7652

## SPESIALE PROJEKTE EN UITREIKKONSERTE

**Musiek(s)maak met juffrou Cobi**
Musiekavonture met 'n karnaval van die diere spesiaal vir jong kinders. Kleuters en peuters word uitgenooi om te kom speel, luister en leer saam met die geliefde operasangeres en musiekjuffrou, Jacobi de Villiers. Daar is 'n musiekfabriek met musiekkrieke en lekker lirieke. Hoërskool Heidelberg se voorskoolklas op Vrydag, 20 September vanaf 11:00.

**Voor-innie-koor Koorsangwerkwinkels**
Hessequa-streek | Augustus en September
Plaaslike kore en sanggroepe is welkom om deel te wees van die opbou om op Vrydag 20 September by die galakonsert saam te sing. Vir deelname, kontak Betsie Ryke by betsie@ruralarts.co.za

**HSQA Kunsroete Kinderkunskompetisie**
Hessequa-streek | Julie tot September
Tema: Vier seisoene in Eden se tuin
Vir deelname, kontak Louise Kluyts by louise@starnationart.co.za





# BORGE EN FEESVRIENDE

sba
Sigbaar Afrikaans
Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans

smartz SOLUTIONS

ATKV

RUPERT-MUSIEKSTIGTING

CARMIÉN
Rooibos tea

JOHANN BRINK TRUST

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

nb
UITGEWERS PUBLISHERS

LW Hiemstra Trust

web tickets

HEUER PIANOS

Western Cape Government
FOR YOU

via.

Explorer's Garden Route
Hessequa

VRL
VAN LOVEREN

business and arts
SOUTH AFRICA

ATTERBURY TRUST

DIE BURGER

HET JAN MARAIS NATIONALE FONDS
1915

NETWERK24

PINOTAGE
ASSOCIATION • ASSOSIASIE

HSQA ART ROUTE

Suid-Kaap South Cape
FORUM

Eureka Mills

bvsa

DE WARENMARKT

SIMON
WINE EMPORIUM

RIVERSDAL TOYOTA